By die ontleding van die huidige stand van die ekonomie is die eerste punt waaraan erkenning gegee behoort te word dat Suid-Afrika die ernstigste ekonomiese resessie ondervind sedert dié van die vroeë dertigerjare. Die sikliese afwaartse beweging wat vanaf 'n baie hoë draaipunt in Augustus 1981 begin het, is nou reeds twee jaar lank aan die gang. Vroeër vanjaar het 'n matige ommekeer van die afwaartse neiging in sekere ekonomiese aanwysers daarop gedui dat die konjunkturgolf besig was om sy onderste draaipunt te nader. Dit wil nou egter voorkom asof die daling in die goudprys wat sedertdien ingetree het en die ernstige uitwerking van die droogte, die begin van die nuwe opwaartse fase van die konjunkturgolf tot vroeg volgende jaar uitgestel het.

Die reële bruto binnelandse produk het in 1982 met 1 persent afgeneem en die huidige aanduidings is dat dit, gedeeltelik as gevolg van die primêre en sekondêre uitwerking van die droogte, in 1983 met ongeveer 3 persent sal daal. Die reële bruto binnelandse besteding het in 1982 met 5 persent en in die eerste helfte van 1983 teen 'n jaarkoers van 8 persent afgeneem. Onder hierdie

omstandighede is dit dan ook nie verbasend nie dat daar regdeur hierdie periode 'n bestendige styging in die werkloosheid, veral onder ongeskoolde werkers, was.

Verdere aanduidings van die voortgesette resessie was 'n laer koers van toename in die winste van maatskappye in 1982, wat deur 'n werklike daling in die eerste helfte van 1983 gevolg is, en 'n verlaging van die koers van toename in nominale salarisse en lone vanaf die hoë koers van 19 persent in 1982 tot 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 10½ persent in die eerste helfte van 1983.

Laer goudprys en daling in die uitvoer

Bo en behalwe die uitwerking van die droogte, bly die belangrikste oorsaak van die voortgesette resessie en die huidige negatiewe reële groeikoers nog die betreklik lae goudprys. In 1978 was die gemiddelde goudprys \$193 per fyn ons. In 1979 het dit tot \$307 gestyg. Vanaf hierdie hoër vlak het dit in 1980 verdubbel tot \$613. Aangesien goud ongeveer 50 persent van Suid-Afrika se totale uitvoere uitmaak, het dit vanselfsprekend 'n belangrike bydrae gelewer tot die sikliese oplewing en die hoë reële groeikoerse van 1979, 1980 en 1981, heeltemal afgesien van die oormatige likwiditeit wat dit teweeggebring het. Om dieselfde rede het die daaropvolgende daling in die goudprys na gemiddeldes van \$460 in 1981, \$376 in 1982 en \$439 tot dusver vanjaar, egter 'n sterk negatiewe invloed op die binnelandse ekonomiese bedrywigheid uitgeoefen. Die styging in die goudprys tot meer as \$500 per ons, wat gevolg het op die internasionale skuld krisis wat in September 1982 opgevlam het, het geblyk tydelik te wees, en sedert laat in Februarie 1983 het die prys meestal tussen \$400 en \$440 per ons geskommel.

Hieraan moet nog die ongunstige uitwerking van die voortgesette swak prestasie van Suid-Afrika se ander uitvoere, waaronder dié van diamante, platina, chroom, mangaan, steenkool, ystererts, mielies en suiker, toegevoeg word – hoofsaaklik vanweë die stagnante toestand in die internasionale markte vir hierdie goedere, wat deur die ernstige wêrelddepressie van die afgelope jare meegebring is.

Volgehoue inflasie

Die toestand is vererger en ook moeiliker hanteerbaar gemaak deur die feit dat die inflasiekoers, ondanks die verlangsamings van die reële ekonomiese bedrywigheid, tot dusver nog slegs matig afgeneem het. Gemeet volgens die verbruikersprysindeks oor 'n tydperk van twaalf maande, het die koers vanaf 'n hoogtepunt van 16,5 persent in Mei 1982 tot 12,4 persent in Junie 1983 gedaal, wat nog steeds ongeveer twee-en-'n-half maal so hoog was as die koers in die meeste van Suid-Afrika se handelsvennootlande.

Goeie prestasie van die ekonomie in die aanpassing by ongunstige eksogene verwickelinge

As belangrike handelsland is Suid-Afrika gedurende die afgelope drie jaar ernstig benadeel deur ongunstige eksterne kragte waarvoor hy geen beheer gehad het nie. Slae van hierdie aard het boonop gedurende die afgelope aantal maande voortgeduur en is deur die strafste droogte in tientalle jare vererger. Nagenoeg alle lande in die wêreld het nog in die greep van 'n algemene ekonomiese depressie vasgevang gebly. In die Verenigde State was daar in die afgelope aantal maande bemoedigende tekens van herstel. In Europa en Japan

is daar tot dusver egter weinig tasbare getuienis van die langverwagte oplewing. En in die meeste lande van die Derde Wêreld het die ekonomiese toestand nou bepaald kritiek geword.

Agterná beskou, was die omvang van die aanpassing wat deur hierdie rampspoedige verwickelinge op die Suid-Afrikaanse ekonomie afgedwing is, klaarblyklik ontsaglik groot. Dit volg hieruit dat die eintlike vraag wat vandag gestel behoort te word, nie is waarom die Suid-Afrikaanse ekonomie 'n fase van resessie met inflasie ondervind nie, maar hoe hy in werklikheid daarin geslaag het om hom so goed by die eksogene skokke van die afgelope jare aan te pas as wat hy wel gedoen het.

Die betalingsbalans: van tekort na oorskot op die lopende rekening

Die duidelikste bewys van die land se goeie aanpassingsprestasie kan gevind word in die verbetering van die betalingsbalans in lopende rekening gedurende die afgelope jaar. Teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse bereken, is 'n tekort van R7,1 miljard in die eerste kwartaal van 1982 in 'n oorskot van R1,8 miljard in die tweede kwartaal van 1983 omgesit. Een faktor wat tot hierdie verbetering bygedra het, was die ietwat hoër gemiddelde vlak van die goudprys sedert September 1982. Die belangrikste oorsaak van die ommeswaai was egter die daling in die invoer vanaf 'n jaarkoers van R20 miljard in die eerste kwartaal van 1982 tot R14 miljard in die tweede kwartaal van 1983 – 'n afname van 30 persent. In terme van die invoervolume het die daling 42 persent beloop.

Hierdie gunstige uitslag is nie kunsmatig deur invoerbeheer bewerkstellig nie. Dit was intendeel grootliks die teenhanger van die verlangsamings van die binnelandse besteding wat deur 'n kombinasie van markgerigte finansiële beleid en natuurlike sikliese kragte veroorsaak is. Die aanpassingsproses is ongetwyfeld ook deur die depresiasie van die rand in terme van ander geldeenhede gedurende 1981 en die eerste sewe maande van 1982 aangehelp.

Kapitaalrekening

Die kapitaalrekening van die betalingsbalans het ook in die loop van 1982 en die eerste twee maande van 1983 verbeter. Dit was grotendeels die gevolg van die styging in die binnelandse nominale rentekoerse tot vlakke wat hoër was as dié in die Verenigde State en in die Eurodollarmark, en van die verwagting wat vanaf omstreeks Oktober 1982 begin posvat het dat die rand in terme van ander geldeenhede sou appresieer. Onder hierdie omstandighede het baie sakeondernemings in Suid-Afrika meer van buitelandse krediete en lenings gebruik gemaak sonder om die koste van termynvalutadekking aan te gaan – koste wat die rentekoersvoordeel sou geneutraliseer het.

Hierdie ontwikkelings het tot sowel 'n appresiasie van die rand as 'n aansienlike styging van die *netto* buitelandse reserwes gelei. Hierdeur is die Regering in staat gestel tot die belangrike stap om op 7 Februarie 1983 valutabeheer oor nie-inwoners af te skaf – 'n maatreël wat die verdwyning beteken het van die finansiële rand en van die dubbele wisselkoersstelsel wat in een of ander vorm bestaan het sedert valutabeheer oor nie-inwoners in 1961 vir die eerste maal in Suid-Afrika ingestel is. Hierdie stap is sowel hier as in die buiteland gunstig ontvang as getuienis van Suid-Afrika se ekonomiese krag en van sy vermoë om 'n billike en winsgewende klimaat vir buitelandse kapitaal te voorsien. Die aandelepryse het hoog gebly, die netto reserwes het aanvanklik verder gestyg, die wisselkoers is goed gehandhaaf en die rentekoerse het in werklikheid in daardie stadium verder gedaal.

Vanaf laat in Februarie is die toestand egter betekenisvol verander deur die skielike daling in die goudprys vanaf 'n hoogtepunt van \$511-50 per ons op 15 Februarie tot \$408-50 op 28 Februarie en 'n gemiddelde van \$425 gedurende die tydperk van Maart tot Julie 1983. Deur 'n ommekeer teweeg te bring van die verwagting dat die rand sou voortgaan om te appresieer, het dit die ongedekte gebruik van oorsese krediete verminder, ander „vervroegings en vertragings” van betalings nadelig beïnvloed, en 'n netto uitvloeiing laat ontstaan van korttermynkapitaal in sy geheel. By die afwesigheid van valuta-beheer oor nie-inwoners, het dit gedurende die eerste helfte van 1983 ook bygedra tot 'n uitvloeiing van R735 miljoen aan langtermynkapitaal in die vorm van netto verkope van Suid-Afrikaanse effekte deur nie-inwoners aan inwoners wat gretig en in staat was om in 'n sterk mark te koop.

Netto buitelandse reserwes en wisselkoerse

Nadat dit gedurende die sewe maande tot Januarie 1983 met R2,4 miljard gestyg het, het die netto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die vyf maande tot en met Junie met R868 miljoen gedaal. Hierdeur het daar oor die twaalf maande tot Junie 1983 nog 'n styging van R1,6 miljard oorgebly, vergeleke met 'n daling van R5,5 miljard gedurende die voorafgaande een-en-twintig maande. Hierbenewens het die rand gedurende die twaalf maande tot Julie 1983 in terme van 'n „mandjie” ander geldeenhede met 11 persent geappresieer, nadat dit met 22 persent gedurende die vorige 19 maande gedeapresieer het.

Goud- en buitelandsevaluta-ontwikkelings

As gevolg van die verbetering van die betalingsbalans was dit gedurende die afgelope twaalf maande nie vir die Reserwebank nodig om enige verdere goud-ruiloorreënkomste aan te gaan nie. Aangesien feitlik die hele goudproduksie nog steeds verkoop is, het die Bank se goudbesit oor hierdie tydperk gevolglik baie min verandering ondergaan en aan die einde van Julie 1983 7,8 miljoen onse beloop. Die styging in die Bank se netto buitelandse reserwes vanaf die middel van 1982 was grotendeels 'n weerspieëling van 'n vermindering van sy korttermyn- buitelandse laste vanaf R2,2 miljard aan die einde van Junie 1982 tot R712 miljoen aan die einde van Julie 1983.

Voorgestelde veranderings aan die buitelandsevalutamark

Ná oorleg met die Tesourie en met die goedkeuring van die Minister van Finansies, het die Reserwebank in die afgelope aantal weke samesprekings gevoer met verteenwoordigers van die Kamer van Mynwese, die mynhuise en gemagtigde buitelandsevalutahandelaars en -makelaars, oor sekere voorgestelde veranderings aan die tegniese werking van die buitelandsevalutamark. Ooreenkomstig die gevestigde beleid van die Regering op hierdie gebied, is hierdie veranderings gemik op die ontwikkeling van meer doeltreffende markte in kontant- en termynvaluta en op die instelling van 'n stelsel van beheerde swewing van die rand in die ware sin van die woord, wat natuurlik aan toesig en tegniese „intervensie” deur die Reserwebank onderhewig sal wees. Ter opvolging van die resultate van hierdie besprekings, het die Minister nou sy goedkeuring verleen aan die instelling van hierdie veranderings met ingang van 5 September 1983. 'n Volledige verklaring waarin die besonderhede van die nuwe reëlins uiteengesit word, sal binnekort uitgereik word. Daar word nie verwag dat die beoogde tegniese veranderings op hulself enige wesenlike uitwerking op die vlak van die rand se wisselkoers teenoor ander geldeenhede sal hê nie.

Monetêre toestand en beleid

Die uitmuntende wyse waarop die ekonomie die stampe en stote wat dit sedert 1980 ontvang het, weerstaan het, moet gedeeltelik toegeskryf word aan die „mengsel” van fiskale en monetêre beleid wat gedurende hierdie tydperk toegepas is, en in die besonder aan drie kenmerke van hierdie strategie. Die eerste is die welslae wat, onder moeilike omstandighede, deur die Minister van Finansies en die Regering behaal is met die beteueling van die besteding van die openbare sektor en van die „tekort voor lenings” in die Begroting – ’n prestasie waaraan die Reserwebank besondere hulde wil bring. Die tweede is die buigsaamheid en die realistiese vlakke van rentekoerse, waarsonder dit nie moontlik sou gewees het om die tekort voor lenings sonder oormatige toevlug tot bankkrediet te finansier, of meer in die algemeen, om die geldvoorraad en die inflasiekoers beter onder beheer te bring nie. En die derde is die buigsaamheid van die kontant- en termynwisselkoerse, wat die onstabiliteit van sowel die binnelandse ekonomie as die betalingsbalans aansienlik verminder het. Daar hoef maar net aan gedink te word wat met Suid-Afrikaanse mynmaatskappye, ander uitvoerders en plaaslike vervaardigers sou gebeur het indien die rand-dollar-wisselkoers onveranderd gehou sou gewees het op die vlak wat aan die begin van 1981 bestaan het.

Nietemin het die pad van monetêre en fiskale beleid, ten spyte van hierdie prestasies, nie altyd glad verloop nie. Gemeet aan die hand van veranderings oor ’n periode van twaalf maande, is die koers van toename in die breë geldvoorraad (M_2) vanaf ’n hoogtepunt van 42 persent in April 1981 tot 15 persent in Julie 1982 verminder. Hierdie welkome daling het met ’n aansienlike styging in rentekoerse gepaard gegaan, wat onder andere daartoe gelei het dat die prima-oortrekkingskoerse vanaf 9,5 persent aan die begin van 1981 tot 20 persent in Maart 1982 gestyg het. Dit het die gewenste uitwerking gehad om die vraag na krediet aan bande te lê en die kapitaalrekening van die betalingsbalans te verbeter.

Ná Julie 1982 het die koers van monetêre uitbreiding, namate die netto buitelandse reserves aansienlik gestyg het, weer geleidelik begin versnel. In die lig van die verbeterde betalingsbalanstoestand en die binnelandse resessie, het die Reserwebank in daardie stadium sy beleidshouding doelbewus aangepas en ’n daling in rentekoerse laat plaasvind, met insluiting van ’n verlaging van die prima-koers vanaf 20 persent in Oktober 1982 tot 17 persent in Januarie 1983. Om te voorkom dat die styging in die reserves die geldvoorraad oormatig sou laat toeneem, het die owerhede egter uitvoering gegee aan die mees omvattende regeringsleningsprogram wat nog ooit in Suid-Afrika onderneem is, waardeur hulle in staat gestel is om aansienlike bykomende bedrae in die Tesourie se Stabilisasierekening te stort. Die resultaat hiervan was dat die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor gedurende die agt maande tot Februarie 1983 ’n baie welkome *daling* van ongeveer R2,1 miljard getoon het. Dit het daarin geslaag om die koers van toename in M_2 oor die twaalf maande tot Februarie 1983 tot 17 persent te beperk.

’n Verdere gevolg van hierdie strategie was dat Suid-Afrika geen probleme ondervind het nie om **ten volle te voldoen** aan die verskillende **prestasiëriteria** wat vasgestel is in die leningsooreenkoms wat in November 1982 met die Internasionale Monetêre Fonds bereik is, ingevolge waarvan Suid-Afrika kort daarna R938 miljoen getrek het.

Vanaf laat in Februarie 1983 is die toestand egter weer eens deur twee belangrike ontwikkelings ongunstig beïnvloed. Die eerste was die skielike daling in die

goudprys wat toe plaasgevind het en wat, soos ek aangedui het, die netto invloeiing van kapitaal in 'n netto uitvloeiing omskep het en, minstens tydelik, die sterk opwaartse neiging in sowel die reserwes as die wisselkoers van die rand tot 'n einde gebring het. En die tweede was die verergering van die droogte, wat nie net die betalingsbalans en die binnelandse ekonomie nadelig beïnvloed het nie, maar ook 'n swaar bykomende las op die staatsbesteding geplaas het.

Aanvanklik is die betekenis van hierdie terugslae nie deur òf die private sektor òf die owerhede ten volle na waarde geskat nie. Die rentekoerse het in werklikheid gedurende Februarie en tot in Maart verder gedaal en eers later in Maart weer opwaarts begin beweeg. Die prima-oortrekkingskoerse het byvoorbeeld vanaf 17 persent in Januarie tot 14 persent in Maart gedaal. Teen die einde van Maart het die implikasies van die veranderde toestand egter duideliker geword, en in sy Begrotingsrede op 30 Maart 1983 het die Minister van Finansies heeltemal tereg enige beleid van doelbewuste „reflasie” of „stimulering” van die ekonomie verwerp. In plaas daarvan het die Begroting vir 1983/84 voorsiening gemaak vir volgehoue beperking van die owerheidsbesteding en 'n betreklik klein tekort voor lenings.

Die daaropvolgende gebeure het bewys dat dit die regte strategie was om te aanvaar. Ná 'n toename van R324 miljoen in Maart het die netto bankkrediet aan die regeringsektor gedurende April en Mei egter met 'n verdere R997 miljoen gestyg. Dit het bygedra tot 'n versnelling van die koers van toename in M_2 , oor 'n tydperk van twaalf maande gemeet, vanaf 17 persent in Februarie tot 24 persent in Mei en 22 persent in Junie – koerse wat duidelik buitensporig was en nie met die verklaarde amptelike beleid ooreengestem het nie.

Gelukkig het hierdie afwyking van die koers wat in die Begroting aangedui is, slegs tydelik geblyk te wees, en vanaf die middel van Junie het die owerhede deur middel van behoorlike fundering daarin geslaag om die opwaartse neiging van die voorafgaande drie maande in die netto geldskepping deur die regeringsektor om te keer. In hierdie proses is daar tussen die middel van Junie en die middel van Augustus netto tenderuitgiftes en uitgiftes-op-aanvraag van staats-effekte ten bedrae van R1 137 miljoen gemaak.

Hierdie terugkeer na nie-inflasionistiese finansiering van die owerheidsbesteding in 'n stadium toe die netto buitelandse reserwes geen opwaartse neiging getoon het nie, het natuurlik opwaartse druk op rentekoerse geplaas en die behoefte aan akkommodasie van die Reserwebank aan die diskontohuise en die banke vergroot. Terwyl die Reserwebank hierdie akkommodasie geredelik toegestaan het om finansiële ontwrigting en 'n uitermatige styging van rentekoerse te vermy, het hy ook die noodsaak daarvan aanvaar dat die rentekoerse as 'n onontbeerlike deel van sy anti-inflasionistiese beleid sou moes styg. En hoewel hy deur middel van herdiskontering, terugkoop-ooreenkomste, kleiner uitgiftes van skatkisbewyse en 'n verlaging van die likwiedebatevereistes vir banke hierdie opwaartse beweging gematig en seisoenskommelings in die rentekoerse uitgestryk het, het hy nie sy kredietskeppingsvermoë gebruik om die rentekoerse konstant te hou nie. Die prima-oortrekkingskoerse is derhalwe toegelaat om, ooreenkomstig die stygings in ander geldmarkkoerse, in vier stappe vanaf 14 persent in Junie tot 18 persent in Augustus opwaarts te beweeg.

Monetêre beleid – te beperkend of te akkommoderend?

Ek hoop werklik dat die feite en syfers wat ek vandag voorgelê het, finaal die gedagte sal verdryf, as dit nog steeds bestaan, dat die monetêre owerhede nou

reeds meer as twee jaar lank 'n stram, deflasionistiese en, soos party daaraan sou toevoeg, „oormatig beperkende” monetêre beleid toegepas het. Daar was bepaald sterk inkrimpende kragte aan die werk, wat 'n ekonomiese resessie, 'n negatiewe reële groeikoers en 'n styging in nominale rentekoerse voortgebring het. Maar hierdie kragte het hul oorsprong gehad in die daling van die goudprys, die wêrelddepressie, die droogte en die ander eksogene ongunstige ontwikkelings waarna ek voorheen reeds verwys het, en *nie* in beperkende optrede van die Reserwebank nie. Inteendeel, gedurende die grootste deel van hierdie tydperk was die Reserwebank buitengewoon aktief besig om sentralebankkrediet te skep ten einde die inkrimpende uitwerking van hierdie ongunstige ontwikkelings, en in die besonder die opwaartse druk op rentekoerse, te matig en gedeeltelik te neutraliseer.

Dit was natuurlik die *mate* waarin die Bank hierdie inkrimpingsinvloede gematig het wat die kern van die monetêre beleid gevorm het. Dit is altyd die *netto resultaat* van die optrede van die monetêre owerhede en natuurlike ekonomiese kragte wat tel. By 'n waardebeoordeling van die uitwerking van die monetêre beleid van die afgelope jare is die wesenlike vraag derhalwe of die *graad* van matiging deur die Reserwebank gepas was, of, indien nie, of die Bank dan *te akkommoderend* of *nie akkommoderend genoeg* was nie. Die feite toon egter duidelik dat, oor hierdie tydperk in sy geheel, die Bank se netto krediet-skepping meegebring het dat die geldvoorraad *meer* en die rentekoerse *minder* gestyg het as wat andersins die geval sou gewees het.

Agterná beskou, glo ons in die Reserwebank, soos ek vroeër reeds gestel het, dat ons geneig was om té toegeeflik te wees. Gegewe die erns van die probleme wat op die Suid-Afrikaanse ekonomie afgedwing is, het ons beleidsbenadering en -optrede geneig om té ekspansionisties en akkommoderend te wees. Ons het goed daarin geslaag om die noodsaaklike aanpassing van die betalingsbalans teweeg te bring. Maar in hierdie proses het ons geneig om te veel te doen om sowel die reële as die finansiële bedrywigheid in die binnelandse ekonomie te beskut en nie genoeg om die monetêre uitbreiding en inflasie aan bande te lê nie.

Die feite spreek vanself. Toe ons in 1981 en die grootste deel van 1982 moes kies tussen deflasie of depresiasie, het ons 'n middeweg ingeslaan. Terwyl ons toegelaat het dat die finansiële markte vernou en rentekoerse styg, het ons nie die voorheen bestaande rand-dollar-wisselkoers van $R1 = \$1.35$ deur middel van die ou soort deflasie verdedig nie. In plaas daarvan het die Reserwebank, ten einde die binnelandse ekonomie teen die wêrelddepressie te beskut, uitgebreide finansiële akkommodasie toegestaan en die wisselkoers toegelaat om tot 'n laagtepunt van 85 VSA-sent in Oktober 1982 te depresieer, in die volle wete dat dit inflasionisties sou wees. Daar is, met ander woorde, gedurende daardie tydperk hoër voorrang verleen aan die aanpassing van die betalingsbalans en aan die handhawing van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid as aan die beteueling van inflasie. Soos sake verloop het, en soos ek vroeër genoem het, het die koers van toename in M_2 (oor 'n tydperk van twaalf maande) tot 'n hoogtepunt van 42 persent in April 1981 gestyg en slegs tot 15 persent in Julie 1982 gedaal voordat dit weer begin versnel het.

Hierná is rentekoerse, soos ek aangedui het, ondanks die effektiewe aanwending van staatsleenbedrywigheide en opemarktransaksies gedurende die tweede helfte van 1982, toegelaat om aansienlik te daal en het die koers van toename in M_2 , gedeeltelik as gevolg van die tydelike gebruik van bankkrediet deur die regeringsektor in die drie maande ná Februarie 1983, tot 24 persent in Mei 1983 versnel voordat dit tot 22 persent in Junie afgeneem het. Dit was eers

vanaf die middel van Junie dat die effektiewe uitvoering van die finansiële strategie wat in die Begroting neergelê is, gelei het tot 'n verlaging van die koers van toename in die geldvoorraad en 'n dienoooreenkomstige styging in die rentekoerse tot hul huidige meer realistiese en gepaste vlakke.

Volgens geen omskrywing kan enige beleid wat toegelaat het dat die koerse van toename in M_2 so hoog bly as wat ek aangedui het, gedurende 'n tydperk waarin die inflasiekoerse tussen 16,5 en 12,4 persent gewissel het, as „deflasionisties” of „te beperkend” gekenskets word nie. Inteendeel, vanuit die oogpunt van die beteueling van inflasie was die beleid klaarblyklik te akkommoderend. Hierbenewens het die rentekoerse, alhoewel hulle gedurende die afgelope twee jaar by tye vlakke bereik het wat in *nominale* terme betreklik hoog was, in *reële* terme betreklik laag gebly, dit wil sê nadat 'n aansuiwering vir die inflasiekoerse aangebring is.

By enige bepaling van wat die hoë koerse van toename in die geldvoorraad gedurende die afgelope drie jaar beteken het, moet daar weliswaar rekening gehou word met die daling van 27 persent in die inkome-omloopsnelheid (V) van M_2 vanaf 'n hoogtepunt van 4,71 per jaar in die eerste kwartaal van 1980 tot 3,42 per jaar in die tweede kwartaal van 1983 – 'n verskynsel wat in belangrike mate die „her-intermediëring” van krediet weerspieël het, dit wil sê die terugkeer van voorheen „gedisintermedieerde” krediet na die balansstate van banke, wat op die afskaffing van die bankkredietplafonne en depositokoers-beheer in 1980 gevolg het. Die daling in V van 27 persent oor net meer as drie jaar is egter ver oorskry deur die toename van 104 persent in M_2 oor dieselfde periode. Hoewel die koers van toename in MV gedurende hierdie drie jaar dus laer was as dié in M alleen, het dit nog steeds 'n oormatige monetêre uitbreiding beteken en derhalwe tot die inflasie bygedra.

Huidige monetêre beleid

Ek wil afsluit deur die huidige monetêre beleid in Suid-Afrika uiteen te sit onder die hoofde van uiteindelijke doelstellings, intermediaêre doelstellings en beleids-instrumente.

Uiteindelijke doelstellings

Onder die verskillende aanvaarde uiteindelijke doelstellings van monetêre beleid het die aanpassing van die betalingsbalans gedurende 1981 en die grootste deel van 1982 die hoogste voorrang geniet. Noudat hierdie doelstelling verwezenlik is, word die hoogste voorrang tans aan die beteueling van inflasie toegeken. Die monetêre owerhede heg ook deurslaggewende betekenis aan die ander uiteindelijke doelstellings van monetêre beleid, naamlik optimale en betreklik stabiele ekonomiese groei en 'n hoë en stabiele vlak van indiensneming. Maar die beteueling van inflasie en die handhawing van 'n sterk geldeenheid word beskou as *voorvereistes* vir die bereiking van die optimale gemiddelde ekonomiese groeikoerse op langer termyn.

Onder die huidige omstandighede verwerp ons die gedagte dat ons in die jare wat voorlê 'n duidelike keuse het tussen vinnige groei met betreklik hoë inflasie enersyds en stadige groei met betreklik lae inflasie andersyds. Ons werk onder die begrensinge van die huidige wêrelddepressie, die betreklik lae goudprys, die stagnante markte vir ons ander uitvoerprodukte en die droogte. Hierbenewens is Suid-Afrika se inflasiekoerse tans ongeveer twee-en-'n-half maal so hoog as dié van sy belangrikste handelsvennote. Onder hierdie omstandighede is dit ons oortuiging dat om monetêre beleid selfs nog meer ekspansionisties te

maak as wat dit reeds is, in 'n poging om die verwagte styging van die reële groeikoers te bespoedig, uitsers inflasionisties en op die middel- en lang termyn teenproduktief sou wees.

So 'n oormatig ekspansionistiese beleid sou byna sekerlik die betalingsbalans verswak, spekulasie teen die rand uitlok, en 'n bose kringloop van depresiasie van die geldeenheid en inflasie aan die gang sit. Terselfdertyd sou dit waarskynlik die verhoogde gebruik van buitelandse lenings meebring. Soos die onlangse ervaring van Meksiko, Brasilië, Pole en 'n menigte lande van die Derde Wêreld getoon het, sou dit, indien dit te ver gevoer word, tot buitelandse-skuldprobleme en tot *laer* in plaas van hoër reële ekonomiese groei kon lei.

Na die oordeel van die monetêre owerhede is die beste manier, indien nie die enigste manier nie, waarop die doelstellings van optimale groei en werkgeleentheid *op langer termyn* bereik kan word, derhalwe om in hierdie stadium aan die betueling van inflasie voorrang te gee.

Intermediêre doelstellings

Alhoewel dit in Suid-Afrika nog nie gebruiklik is om spesifieke kwantitatiewe mikpunte vir die groei van die geldvoorraad as „intermediêre” doelstellings van monetêre beleid vas te stel en aan te kondig nie, het die monetêre owerhede in hierdie stadium as hulle belangrikste intermediêre doelstelling 'n geleidelike maar aansienlike vermindering van die koers van toename in die breë geldvoorraad (M_2) tot heelwat minder as die koers van 22 persent wat tussen Junie 1982 en Junie 1983 aangeteken is, aanvaar.

Die aanvaarding van hierdie doelstelling beteken *nie* die toepassing van enige *starre* „geldreël” nie. Dit het egter duidelike implikasies vir rentekoerse en wisselkoerse. Soos in ander lande met redelik ontwikkelde finansiële stelsels, bestaan daar in Suid-Afrika 'n noue onderlinge verwantskap tussen die geldvoorraad, rentekoerse en sowel kontant- as termynwisselkoerse, en hulle kan beslis nie onafhanklik van mekaar vasgestel word nie. Dit is waarom die Reserwebank oor die afgelope aantal maande rentekoerse geredelik toegelaat het om, as 'n noodsaaklike en logiese teenhanger van sy beleid om die koers van toename in die geldvoorraad te verminder, tot realistiese en markbepaalde vlakke te styg. Dit is ook waarom die bewegings van rente- en wisselkoerse in die maande wat voorlê met die bereiking van hierdie geldvoorraaddoelstelling verenigbaar sal moet wees. Dit is egter nie moeilik nie om 'n scenario vir 1984 voor te stel waarvolgens die bereiking van 'n bevredigende groeikoers van die geldvoorraad, nadat 'n ekonomiese herlewing in die buiteland en 'n gevolglike styging in die waarde van Suid-Afrika se goudproduksie en ander uitvoere ingetree het, met sowel 'n appresiasie van die rand as met 'n daling van rentekoerse verenigbaar sou wees, veral indien die inflasiekoers teen daardie tyd verder verminder is.

Intussen is dit bepaald nie die beleid van die monetêre owerhede om die rentekoerse te verlaag deur teen 'n nog hoër tempo nuwe geld te skep nie. So 'n beleid sou in elk geval selfverydelend wees, aangesien die gevolglike versnelling van die inflasiekoers mettertyd onvermydelik tot *hoër* nominale rentekoerse sou lei. Waar die aanvaarding van realistiese markbepaalde rentekoerse vir sekere groepe in die ekonomie besondere ontberings meebring, soos in die geval van boere wat deur die droogte getref is of huiseienaars met lae inkomes, is dit die Regering se beleid om deur gepaste subsidies openlike verligting te gee, eerder as om die hele rentekoersstruktuur in 'n dwangbuis te plaas.

Beleidsinstrumente

Die belangrikste instrumente van monetêre beleid wat tans in gebruik is, is die markgerigte metodes van openbareskuldbeheer, opemarktransaksies, herdiskonterings- en algemene akkommodasiebeleid, en „intervensie” deur die Reserwebank in die kontant- en termynvalutamarkte. Op die wyse wat reeds aangedui is, word hierdie instrumente toegepas met die oog op die bereiking van die intermediêre doelstelling om die koers van toename in die breë geldvoorraad te verminder en die uiteindelijke doelstelling om die inflasiekoers so laag as moontlik te maak en ’n sterk geldeenheid te handhaaf, as voorvereistes vir die bereiking van die optimale gemiddelde ekonomiese groeikoers op lang termyn.

Slot

Ek het voorheen verwys na die omvang van die aanpassing wat in die afgelope jare deur ongunstige eksogene verwickelinge op die Suid-Afrikaanse ekonomie afgedwing is. Uit die oorsig wat ek vandag gegee het, is dit duidelik dat die ekonomie die uitdaging aanvaar het en in werklikheid die vereiste aanpassings sowel tydig as op indrukwekkende wyse aangebring het. Die gunstige ommekeer in die betalingsbalans en die verstewiging van sowel die buitelandse reserwes as die rand moet inderdaad beskou word as een van die beste voorbeelde ooit van die behoorlike funksionering van die „betalingsbalans-aanpassingsproses”. Hierdie prestasie is soveel merkwaardiger omdat dit plaasgevind het gedurende ’n tydperk van ekonomiese wêrelddepressie en binnelandse droogtetoestande, en met betreklik min hulp van ’n hoër goudprys. Dit staan ook in skerp teenstelling met die betalings- en buitelandse-skuld-krisisse wat gedurende hierdie tydperk deur baie ander lande in soortgelyke situasies ondervind is. Begrypklikerwys het dit om hierdie rede gedien om Suid-Afrika se oorsese kredietwaardigheid verder te verhoog.

Hierdie prestasies het uit die aard van die saak opofferings vereis. Die uitwerking van die wêreldwye depressie, die daling in die goudprys en die droogte kon nóg weggewens nóg deur spitsvondige finansiële kunsgrepe geneutraliseer word. Daar was geen ander uitweg as om die gordel stywer te trek en harder te werk nie. Maar hierdie inspanning en opofferings het nou grotendeels hulle doelstellings bereik. En hoewel dit onvermydelik nog ’n ruk sal duur voordat die volgende sikliese opswaai stukrag ontwikkel, is die grondslae daarvan nou heg en deeglik gelê.

Na afloop van sy rede stel die voorsitter voor dat die rekeninge en verslae aangeneem word.

Die voorstel word deur mnr J. L. J. van Vuuren gesekondeer en is aangeneem.

Op voorstel van die voorsitter, gesekondeer deur dr C. J. van Wyk word besluit dat dr A. E. Rupert en mnr J. A. Jooste, wie se ampstermyne op 30 Junie 1983 verstryk het, in die direksie as verteenwoordigers van aandeelhouders herbenoem word.

Namens die direksie stel die voorsitter vervolgens voor:

1. Dat in ooreenstemming met die aanbeveling van die direksie, die firma Deloitte Haskins & Sells en die firma Pim Goldby elk die bedrag van sewen-sewentig duisend vyf honderd rand betaal word vir die oudit van die Bank se rekeninge vir die jaar geëindig 31 Maart 1983.
2. Dat die firma Pim Goldby en die firma Deloitte Haskins & Sells as ouditeure van die Bank se rekeninge vir die huidige boekjaar aangestel word.

Albei mosies is deur dr G. W. G. Browne gesekondeer en is aangeneem.

Nadat dr C. B. Strauss ’n mosie van dank aan die voorsitter voorgestel het vir sy voorsitterskap en sy rede, is die verrigtinge afgesluit.

Verslag van die direkteure van die Suid-Afrikaanse Reserwebank vir die jaar geëindig 31 Maart 1983 ter voorlegging aan die aandeelhouders op die drie-en-sestigste gewone algemene vergadering wat op Dinsdag, 23 Augustus 1983 te Pretoria gehou sal word

Ooreenkomstig die bepalings van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1944, en die regulasies wat ingevolge daarvan opgestel is, word die bygaande rekeningstate van die Bank vir die jaar geëindig 31 Maart 1983, op die voorgeskrewe wyse deur die ouditeure gesertifiseer, aan aandeelhouders voorgelê.

Kapitaal

Die Bank se kapitaal van R2 000 000 is gehou deur 759 aandeelhouders, waarvan 47 persent elk minder as R1 000 besit het.

Reserwefonds

Daar was geen toewysing aan die reserwefonds gedurende die jaar ingevolge die bepalings van artikel 16(3) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1944, nie. Die saldo soos op 31 Maart 1983 het dus onveranderd op R33 072 000 gebly.

Banknote en note van ander banke in omloop

Die Bank se nootuitgifte het op 31 Maart 1983 R2 834 065 000 beloop, wat 'n toename van R331 954 000 gedurende die jaar verteenwoordig. Alhoewel dié styging van 13,3 persent kleiner is as die toename van 20,7 persent wat in die voorafgaande jaar aangeteken is, weerspieël dit nietemin 'n verdere toename in die vraag na banknote weens die voortgesette uitbreiding van ekonomiese aktiwiteite en die hoë inflasiekoers gedurende die jaar. Die Bank se verpligting ten opsigte van nootuitgiftes van ander banke het geen verandering gedurende die jaar getoon nie en het op 31 Maart 1983 op R373 000 gestaan.

Deposito's

Die totale depositoverpligtinge van die Bank het gedurende die jaar van R1 516 963 000 na R2 412 402 000, dit wil sê met R895 439 000, gestyg. Die saldo op die Regering se lopende rekeninge het met R168 502 000 en dié op ander lopende rekeninge met R1 060 517 000 gestyg, terwyl die saldo op die provinsiale administrasies se lopende rekeninge met R6 568 000 gedaal het. Die saldo op die banke se lopende rekeninge het met R7 333 000 gestyg, terwyl die saldo op hulle reserwerekeninge met R334 345 000 afgeneem het, hoofsaaklik as gevolg van die verdere verlaging op 28 September 1982 van die banke se aanvullende minimum kontantreserwevereistes.

Buitelandse lenings

Die Bank se uitstaande leningskuld in buitelandse valuta het gedaal vanaf R1 259 678 000 op 31 Maart 1982 tot R486 673 000 op 31 Maart 1983. Die

uitstaande saldo verteenwoordig trekkings op buitelandse korttermynkrediet-fasiliteite wat gereël is om die Bank se besit aan ander buitelandse valuta aan te vul.

Goudruilooreenkomste

Addisionele goudruilooreenkomste is gedurende die afgelope finansiële jaar met verskeie buitelandse instellings aangegaan om die buitelandse valuta-reserwes van die land aan te vul. 'n Goudruilooreenkoms wat in 1981 aangegaan is, is gedurende die afgelope boekjaar teruggekoop.

Goudmunt en staafgoud

Die Bank se goudreserwe is op 31 Maart 1982 en 31 Maart 1983, teen R305,93 en R407,17 per fyn ons, onderskeidelik, gewaardeer. Hierdie pryse is bepaal ingevolge artikel 17(A) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1944, en is bereken teen 90 persent van die gemiddelde van die laaste tien vasstellingspryse op die Londense Goudmark gedurende die genoemde maande. Teen hierdie waarderingpryse het die goudbesit op die genoemde datums op R2 776 479 000 en R3 132 981 000, onderskeidelik, te staan gekom. Die herwaarderings-transaksies gedurende die jaar is ooreenkomstig die voorgemelde artikel van die Wet in die Bank se rekeninge geboekstaaf.

Saldo's by buitelandse banke; daggeld in Londen; buitelandse wissels; spesiale trekkingsregte

Hierdie poste wat, tesame met 'n bedrag van R41 259 000 aan beleggings wat in die buiteland gedomisileer is, die Bank se buitelandse reserwes, met uitsluiting van die goudreserwes, verteenwoordig, het op 31 Maart 1983 R546 143 000 bedra, vergeleke met R675 822 000 op 31 Maart 1982.

Die toename van R226 823 000 in die Bank se totale goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die jaar kan grootliks toegeskryf word aan die waardering van die goudbesit teen die hoër markverwante prys wat aan die einde van Maart 1983, vergeleke met dié aan die einde van Maart 1982, geheers het.

Binnelandse wissels

Binnelandse wissels deur die Bank verdiskonteer het in die boekjaar geëindig 31 Maart 1983 met R281 890 000 tot R546 510 000 toegeneem, wat die netto resultaat is van toenames van R216 240 000 in skatkiswissels en R67 650 000 in handelswissels, terwyl wissels van die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika met R2 000 000 afgeneem het.

Lenings en voorskotte

Hierdie pos het 'n toename van R116 669 000 tot R1 185 078 000 gedurende die afgelope jaar getoon. Dié styging was die netto gevolg van toenames van R2 698 000 in buitelandse lenings toegestaan, R138 310 000 in uitstaande leningsfasiliteite aan plaaslike kliënte verstreken en 'n afname van R24 338 000 op oortrokke-rekeningfasiliteite wat aan verskeie instellings toegestaan is.

Staats- en ander effekte

Die Bank se gewone beleggings in staats- en ander effekte het met R274 448 000 tot R237 328 000 gedaal. Hierdie afname is die netto gevolg van 'n daling van R303 538 000 in die Bank se besit aan staatseffekte en 'n toename van

R29 090 000 in sy portefeulje van ander effekte. Spesiale en gewone opnames van staatseffekte is gereeld by die Tesourie gereël en weer deur middel van opemarktransaksies gedurende die jaar verkoop. Geen staatseffekte wat in die buiteland gedomisileer is, was op 31 Maart 1983 in die Bank se besit nie en die Bank se portefeulje van ander buitelandse beleggings het 'n toename van R8 707 000 getoon. Die Bank se besit aan effekte wat kragtens terugkoop-ooreenkomste gehou is het toegeneem van 'n nul-saldo soos op 31 Maart 1982 tot R229 000 000 soos op 31 Maart 1983.

Meubels en toerusting en vaste eiendom

Die saldo's op beide hierdie rekeninge het aan die einde van die boekjaar R1 bedra aangesien alle uitgawes onder hierdie poste gedurende die jaar, soos in die inkomstestaat aangetoon word, afgeskryf is.

Inkomstestaat

Nadat alle uitgawes bestry is en voorsiening vir inkomstebelasting, rente betaalbaar, rabat op wissels wat nog nie verval het nie, ander verpligtinge en gebeurlikhede en bydraes tot die Bank se pensioenfonds gemaak is en na voorsien is vir die daling in die waarde van sekuriteite en vaste eiendom en meubels en toerusting afgeskryf is en na voorsiening gemaak is vir die oorplasing na die reserve vir toekomstige uitgawes ten opsigte van vaste eiendom en toerusting, het die oorskot R200 000 bedra. Hierdie bedrag is aangewend vir dividende aan aandeelhouders sodat geen toewysing aan die reservefonds of oorbetalings aan die Regering gemaak kon word nie.

Dividende

Die direksie het 'n tussentydse dividend van 5 persent vir die halfjaar geëindig 30 September 1982 en 'n slotdividend van dieselfde bedrag vir die halfjaar geëindig 31 Maart 1983 verklaar.

Direkteure

Die direksie het mnr J. A. Jooste vir die onverstreke termyn van wyle mnr J. F. van Wyk aangestel. Dit is die beurte van dr A. E. Rupert en mnr J. A. Jooste om op 30 Junie 1983 af te tree, maar aangesien hulle herkiesbaar is, stel hulle hulself vir herverkiesing beskikbaar.

Ouditeure

Die aandeelhouders sal versoek word om op aanbeveling van die direksie die vergoeding van die ouditeure vir die afgelope jaar se audit vas te stel en om ouditeure vir die lopende jaar aan te stel.

Die firma Deloitte Haskins & Sells en die firma Pim Goldby stel hulself vir heraanstelling beskikbaar.

B. P. Groenewald
Sekretaris
 Pretoria
 27 Junie 1983

G. P. C. de Kock
President

C. L. Stals
P. E. Rousseau
T. R. Castle
Direkteure

Balansstaat
31 Maart 1983

1982 R	1983 R	1982 R	1983 R
2 000 000	Kapitaal	2 776 478 947	Goudmunt en staafgoud
33 071 946	Reserwefonds	2 712 425	Ander munt
2 502 110 732	Banknote in omloop	400 453 708	Saldo's by buitelandse banke
373 427	Banknote van ander banke in omloop	8 861 875	Daggeld in Londen
	Deposito's	98 653 517	Buitelandse wissels
1 151 939 757	Banke se reserwe-rekeninge	135 300 426	Spesiale trekkingsregte
68 948	Banke se lopende rekeninge	264 620 000	Binnelandse wissels
145 604 809	Regering se lopende rekeninge	1 068 408 684	Lenings en voorskotte
	Provinsiale administrasies se lopende rekeninge	487 165 664	Staatseffekte
173 570 098	Ander rekeninge	57 162 200	Ander effekte
45 779 615		1	Meubels en toerusting
		1	Vaste eiendom
1 516 963 227	Buitelandse lenings	540 229 344	Ander bates
1 259 677 503	Ander laste		
505 319 585	Aandeelhouders – finale dividend		
100 000	Regering – surplus		
20 430 372			
5 840 046 792		5 840 046 792	

Daar bestaan 'n verpligting om goud in terme van goudruiloooreenkomste terug te koop
– Verwys na direkteursverslag

Inkomstestaat
vir die jaar geëindig 31 Maart 1983

1982 R	1983 R	1983 R
Algemene uitgawes		
Insluitende koste van nuwe banknote, salarisse, pensioenfondsbysdraes, direkteursgelede en ander kostes		
37 865 658	52 085 770	
Afgeskryf		
10 943 003 1 498 262 12 441 265	Vaste eiendom	1 423 083
	Meubels en toerusting	5 965 356
		7 388 439
12 000 000	Reserwe vir toekomstige uitgawes ten opsigte van vaste eiendom en toerusting	9 965 965
Toewysing van oorskot		
200 000 2 270 041 20 430 372	Aandeelhouders	200 000
	Reserwefonds	
	Regering	
22 900 413		200 000
85 207 336		69 640 174
B. P. Groenewald <i>Sekretaris</i> Pretoria 27 Junie 1983		
G. P. C. de Kock <i>President</i>		
C. L. Stals P. E. Rousseau T. R. Castle <i>Direkteure</i>		
Inkomste		
Na voorsiening gemaak is vir belasting, rente betaalbaar, rabot op lopende wissels, ander verpligtinge en gebeurlikhede en na voorsien is vir vermindering in waarde van sekuriteite		
	85 207 336	69 640 174
	85 207 336	69 640 174

Ouditeursverslag

Aan die aandeelhouders van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

Ons het die bostaande balansstaat nagegaan en verklaar dat, na ons mening, dit 'n volledige en redelike balansstaat is en na behore opgestel is sodat dit, na ons beste wete en volgens die verduidelikings wat aan ons gegee is, 'n getroue en juiste weergawe verstrek van die Bank se sake in geheel soos deur die boeke van die Bank op 31 Maart 1983 aangetoon.

Verder verklaar ons dat, na ons mening, die sake van die Bank ooreenkomstig die bepaling van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1944, soos gewysig, en die regulasies wat daarby behoort, bedryf is in soverre dit die balansstaat en rekeninge betref.

Deloitte Haskins & Sells

Pim Goldby

Ouditeure

Pretoria

27 Junie 1983

